DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.


DEEL XII. Woensdag 27 Maart 1957. Nr. 3.

BIBLIOTEEK * FERDINAND POSTMA

# „IS ONS KLEURGEVOEL OOK AL VERSTOMP?"

## A.S.B. LUISTER NA INSPIRERENDE TOESPRAAK.

Op 'n ledevergadering van die plaaslike A.S.B.-tak op Donderdag 21 Maart in die studentesaal, het die spreker, Prof. D. W. Kruger, daarin geslaag om sy toehoorders te boei oor die onderwerp „Die Wêreld en Ons". In 'n kragtige toespraak het die geagte spreker die aandag gevestig op die feit dat die Afrikanervolk tans in 'n krisistydperk staan soos nog nooit tevore nie. Deur voortdurende kritiek van oorsee word die Afrikanervolk gedwing om die hand in eieboesem te steek.



Prof. Dr. D. W. Kruger

### GESKIEDKUNDIGE OORSIG

As staat was Suid-Afrika vroeër nie van belang nie, maar in ingeligte kringe in London was ons prestige nog nooit hoër as vandag nie; soveel so, dat Generaals De la Rey en De Wet ook deur die Britte as helde gehuldig word nou dat hulle die gebeures van 50 jaar gelede meer objektief kan beskou.

### KLEURVRAAGSTUK

Hoewel 95% van die blanke bevolking in Suid-Afrika dieselfde beskouïng huldig, dink die buiteland slegs aan die Afrikaner by behandeling van die kleurvraagstuk wat grotendeels vir ons reputasie in die buiteland verantwoordelik is. Tog is dit nie so dat die buitelandse kritiek alleen gebaseer is op onkunde en vooroordeel nie. Al aanvaar ons nie die resultaat waartoe die Santa Cruzkommissie gekom het nie, besef ons dat hulle ons simpatiek gesind is en behoort ons ons nie blind te staar op 'n Scott en Huddleston nie.

### OORSPRONG VAN KRITIEK

Die storm van kritiek is toe te skryf aan die invloed van die jongste Wêreldoorlog en veral die groei van Nasionalisme in die Asiatiese lande.

Die eerste aanklag van Indië in die V.V.O. in 1946 was 'n hou gemik teen Engeland in sy stryd om van Britse oorheersing vry te kom. Hy het Engeland egter gemis en ons getref.

### ENGELAND HET SY RASSE-MEERDERWAARDIGHEID PRYSGEGEE.

Die Britse Ryk is gebou op Imperialisme, die noodwendige gevolg van Nasionalisme wat reeds sedert die sewentiende eeu bestaan. Dié gevoel was selfs weerspieël in die Engelse letterkunde, waar dit steeds die „Dutchman" is wat met „Hobnailed boots" jou skop wanneer jy op die vloer lê en die „Britisher" wat met die kaal vuis „box", nie „fight" nie. Bernard Shaw stel dit pragtig in sy verduideliking van hoe dit bewys word dat 'n „market" wat met wapengeweld verower is 'n „reward from heaven" word. Die gevoel van rassemeerderwaardigheid is nog net teenwoordig by sommige Engelse, maar die Middestand het sy kleurgevoel heeltemal prysgegee.

### SELFONDERSOEK

Vir die Afrikaner is die sosiale verkeer tussen blanke meisies en negers skokkend, maar ons verkeer onder die waan dat in Engeland nog 'n kleurgevoel bestaan. Dit is egter nie die geval nie. Die teenstand teen nie-blankes is slegs 'n gevolg van die vermeerde kompetisie op die arbeidsveld en het as sodanig niks te doen met rasse nie.

Die spreker se grootste skok oorsee was dat hy later nie meer geskok was oor die verontagsaming van kleurverskille nie. Dit bring hom tot die vraag of **ons** gevoel nie ook verstomp is en maar net rus op tradisie nie. Die spreker het die vraag beantwoord deur te sê dat al sou die beginsel en teorie van integrasie duisend maal reg wees, ons volk dit nie prakties kan toepas nie, afgesien daarvan of dit in ooreenstemming is met die Heilige Skrif of nie. Want net soos daar geen regverdiging in die Skrif vir ons apartieidsbeleid is nie, net so is daar geen veroordeling daarvan nie.

### REPUBLIEK

Ten slotte wys die spreker daarop dat die Britte verbaas sou wees indien Suid-Afrika nie 'n republiek word nie. Die spreker het daarop gewys dat ons in ons oorwinning groot moet wees deur verstandige optrede.

Afsluitend het die geagte Professor voorbeelde genoem om aan te toon dat alle seksies van ons blanke bevolking in die buiteland, 'n vaste front vertoon afgesien van hul optrede hier te lande.

# „Jou meisie moenie jou werk word nie"

**Korps Veritas Vincet hou geslaagde Vergadering.**

By geleentheid van die eerste program vergadering van Korps op Donderdag 14 Maart, het Ds. P. W. Buys 'n interessante toespraak gelewer oor die onderwerp „Die wese van arbeid soos dit gefundeer is in die Heilige Skrif."

### KOMMUNISME EN OUTOMATISASIE

Op die vraag waarom kommuniste op die Vasteland allerweë beskou word as die beste arbeiders. kom die antwoord dat die kommunis sy arbeid as sy god beskou. Die wese van arbeid vandag word getipeer deur die ou heidense aanroeping van menslike handewerk as „onse god".

Die vrug outomatisasie, die robotmens moenie sonder meer deur ons afgekeur word nie, maar dit noop ons om standpunt in te neem, terwyl daar ook dankbaarheid moet wees indien dit reg aangewend word.

### MOONTLIKE INSTELLING TEENOOR WERK

'n Kostelike voorbeld kom uit spreker se studentedae. 'n Vriend het soms in die middel van 'n gesprek gedurende 'n wandeling botstil gaan staan, aandagtig geluister en dan die lug in gebulder: „Wag so'n bietjie, ek kom!" Hierdie antwoord was dan gerig aan sy werk.

'n Tweede is 'n liberalistiese siening uit 'n geskiedenisboekie waar werkloses ingedeel is in „Don't works, Can't works en Won't works".

Die laaste stelling is dié van Leipoldt tydens die verstedeliking van die Afrikaner. Onder gelag het spreker gewaarsku teen die omkering van „Neem jou werk as vrou (meisie)". Die pragtige beeld van die huwelik word oorhoeks, as dit nie 'n Christelike huwelik is nie, sodat 'n mens gevaar loop om onder die pantoffelregering van jou werk te staan te kom.

### AAN VOETE VAN JESUS.

Nadat ons te veel gedrink het van die Franse Rewolusie, Liberalisme en Kommunisme, moet ons terugkeer tot die voete van Jesus. Deur die sondeval het arbeid in slawerny verander; Jesus Christus, Verlosser van die siel, maar ook van alle dinge, maak ons weereens heersers oor die arbeid.

Dit blyk dat met die uitgangspunt van die **religieus-bepaaldheid** van die arbeid, die arbeid anders gesien moet word.

(Vervolg op bladsy 5.)

**W. J. SPAVINS & SEUN**

vir alle

***Elektriese Benodighede***

KOELKASTE • RADIO'S

Kerkstraat 101 — Potchefstroom.

Telefoon 185.

**DAMES!!**

**Kom koop al u benodigdhede hier op die BULT**

**teen baie redelike pryse.**

OOK ALLE TOILETWARE.

Kom besigtig ons nuwe WINTERVOORRAAD

**CACHET MODES (EDMS.) BPK.**

TOMSTRAAT 92 — FOON 1389.

POTCHEFSTROOM

**MALAN MEUBILEERDERS**

S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,

POTCHEFSTROOM.

•

**KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!**

**T.X. Modiste**

Kerkstraat 154 Telefoon 1295

Waar al die modebewuste dames koop.

**G. H. Juweliers**

Kerkstraat 129.

Herstelwerk Deskundige

Horlosiemaker en Juwelier

PUKKIES!!

SPAAR JULLE ENERGIE

VIR GROTER DINGE

BESOEK:

**KOLLEGE KONTANTWINKEL**

VIR:

• TOILETWARE
• SKOONHEIDSMIDDELE
• SKRYFBEHOEFTES
• VULPENNE
• HORLOSIES
• EETWARE en alle
• STUDENTEBENODIGHEDE.

H/v Tom- en von Wiellighstrate.

**A. T. LUKE & KIE.**

APTEEK

ook

• GRAMMOFOONPLATE

Gewone- en Langspeelplate.

**NOORDBRUG**

**Kontantwinkel**

(Eienaar: A. G. Botha).

LANGS N.-POSKANTOOR

**Vir Kruideniersware, Skryfbehoeftes, Lekkers, Sigarette en Toiletware**

**PRESIDENT CAFE**

and

**GRAND CAFE**

FOR:

• SWEETS,
• GRILLS
and
• COOLDRINKS

**ALLES NUUT!!**

Van 'n nuwe uitbreiding

tot 'n nuwe FIETS.

Kom na

**Parkfietswinkel**

(F. F. TRANTER)

H/v. Lombard- en Van Riebeeckstrate

TELEFOON 995.

**LOOCK & KEENEY**

**Kleremakers**

**Calderbanksgebou,**

Kerkstraat 150 — Telefoon 855.

POTCHEFSTROOM.

Dames en Here

Besoek

**DIE BULT HAARKAPPERS**

Tomstraat 90A — Telefoon 1486

Regoor ons mooi park.

**ALF CURADO**

(VOORHEEN VAN BEYERS CLAASSEN)

**maak met genoeë bekend dat hy nou sy eie fotografiese ateljee**

**ALF'S STUDIOS**

**KERKSTRAAT 92 (Langs die Grand-teater)**

**geopen het ten einde hom in staat te stel om te spesialiseer in hoogstaande huweliks- en groep-portretwerk en kinderstudies.**

'N SPESIALE ONTWIKKELING- en AFDRUKDIENS (Aflewering binne agt uur) word ook vir die gerief van amateur-fotograwe aangebied. Ontvang nog dieselfde dag as dit voor 10 vm. ingegee word.

**As u met net die beste tevrede is, kom gerus na ons toe.**

Die Wapad
Vrydag 1 Maart 1957.
Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

# Welkom en . . . STERKTE

Die nuwe jaar het al ietwat gevorder op die pad na die ouderdom, maar nogtans wil ons dit 'n hartlike welkom toeroep en die hoop uitspreek dat wanneer ons aan die einde van 1957 terugkyk, ons sal kan getuig: „Die jaar 1957 het ons goed gedra!"

Aan al die oudames en ouhere en die lede van die personeel: „Dit is gaaf om u gesigte weer hier te sien. Ons hoop dat die vakansie aangenaam was, die eksamenuitslae bemoedigend en dat die nuwe jaar voorspoedig sal wees."

'n Besondere woord van welkom aan die eerstejaars. U loopbaan aan die P.U. sal darem nie net uit ontgroening bestaan nie, maar as u na 'n aantal jare die inrigting verlaat, sal u persone wees met 'n rypheid van gees wat met 'n besondere stempel deur die lewe sal gaan. Want u het die voorreg om aan 'n besondere inrigting te studeer, met 'n eie unieke vormende karakter. Ons verwag dat u van u kant bereid sal wees om hierdie Christelik-Nasionale karakter u eie te maak, want alleen dan sal u ware P.U.Kaners word wat hier gelukkig en tuis sal voel.

Ons begin die nuwe jaar selfs met 'n gedeeltelik nuwe studentelewe — gedagtig die reorganisasie teen die einde van verlede jaar. In hierdie opsig wil ons graag 'n beroep doen op alle studente om tog hulle gewig ten volle in te gooi in 'n poging om te verseker dat met hierdie progressiewe stap ten volle bereik sal word wat daarmee beoog is. Die sukses of mislukking daarvan sal grotendeels van u afhang. Daarom vra ons van u om u deel by te dra wanneer u genader word om in die een of ander opsig te help. Op ons studentelewe rus die reuse taak om 'n helder klank te laat hoor in hierdie tyd waarin die meeste ander studente-inrigtings afsydig staan teenoor dit wat ons volk voorheen gekenmerk het

In die laaste plek: ons wens aan die Studenteraad sterkte toe vir die jaar wat voorlê. Ons waardeer hulle opofferings en hoop dat ook vir hulle 'n vrugbare en aangename werkjaar voorlê.

Ons hoop dus dat een en almal van ons lesers sal voortgaan op hul lewensweg in volle bewustheid van hul lewensroeping en met die oog steeds gerig op God om na Sy Wil te vra en tot Sy Eer te leef.

REDAKSIE

Hoofredakteur: D. C. Coetsee; Onder-Hoofredakteur: A. Myburg; Nuus: F. J. du T. Lessing, M. Willemse; Kuns: R. Dekker, J. B. du Plessis; Sport: P. Riekert; Varia: I. van der Walt, J. A. du Plessis, B. van Rooy.

ADMINISTRASIE

D. Yssel (sakebestuurder); J. B. W. le Roux (advertensie-bestuurder); Mejj. C. Kruger; E. M. Kruger; A. Davel; Mnre. E. J. de Villiers; E. Howaldt; W. J. v.d Merwe; J. P. Marais; L. J. Swart; R. G. P. Voster; A. J. Pretorius.

## Oordenking

# Die RAAD van God en die raad van die mens

**Spreuke 16:9:— „Die hart van die mens dink sy weg uit, maar die Here rig sy voetstappe".**

'n Nuwe jaar bring arbeid. Die arbeid vra om ywer en toewyding; vernude kragte. U weet watter oorlegginge van die hart gaan hiermee gepaard: 'n Sug na opportunisme; die leisels moet maar slap lê vireers, weldra met die eksamen sal ek „raakspot", en met die „grille" van die „noodlot" kan ek dalk slaag.

Vir ander weer is dit: Ek sal moet hard werk, die gety is alimmers teen my. Werk, of anders is die prys teleurgestelde verwagting i.p.v. hoop.

So rig ons ons hele lewensideaal in. So strewe ons en wil ons reik na 'n kroon deur onsself gestel. Selfs ons keuse van ons lewensmaat word gemeng met opportunisme. Oppertunisme het al eie geword aan 'n student. Hierdie is nie die werklikheid soos ons teksvers vir ons dit met enkele pennetrek skilder nie.

Enersyds: „Die hart van die mens dink . . ." Andersyds: „MAAR die Here rig sy voetstappe." Disharmonie, sou u sê; sinneloos, dit ontneem die mens sy idealisme. Waarvoor werk ek dan? God se Raad kan net sowel sonder my volbring word.


Harmonie, egter, is die regte antwoord; sinvol, vertroostend, dit wek die idealisme op en versag die teleurstelling. Die MAAR van ons teksvers is nie 'n „maar" wat kontras soseer uitdruk nie, maar meer een wat harmonie uitdruk, rigting aanwys; wat ons oorlegginge dadelik voor die aangesig van God plaas. Ons oorlegginge, ons ideale moet op God gerig wees. So leer vs. 2 van hierdie selfde hoofstuk ons: „Laat jou werke aan die Here oor, DAN sal jou planne uitgevoer word."

Heerlike harmonie! Ons arbeid is in die Here. Nie meer mislukkings wat mislukkings is nie, maar roepingsvervulling. Sukses word nie ons eie eer nie, maar die seën van God op ons arbeid.

So reik ons na die Kroon van Gods Raad: Jesus Christus, die Oorwinnaar oor die dood. Hy is dan ons Weg tot Saligheid en Ewige heerlikheid. Dit is vir ons, wie se arbeid in Hom is, Sy uitverkore, vrygekoopte eiendom weggelê. Alles tot sy Eer en Verheerliking. Amen.

H. J. v.d. Walt.

# VAN DIE REDAKSIE



Postmahuis,
P.U. vir C.H.O.
28 Februarie 1957.

Geagte Pukke,

Met die begin van die nuwe jaar het ons dit goed gedink om ook iets nuuts met „Die Wapad" te begin.

In die eerste plek sal u bemerk dat hierdie uitgawe gladnie so lywig is as die waaraan u in 1956 gewoond geraak het nie. Maar daarvoor sal u vergoed word deur ongeveer sestien uitgawes te ontvang i.p.v. die tien van verlede jaar. Deur hierdie nuwe reëling hoop ons om u van bietjie varser nuus te voorsien as wat die geval in die verlede was.

Verder hoop ons om gereeld 'n paar nuwe rubrieke te plaas. Die Letterkundige Vereniging sal vir die een sorg terwyl die ander deur uself gedra sal moet word. In hierdie nuwe rubriek wil ons graag iets interessant van lesers self plaas. Of dit nou ookal 'n luimige beskrywing is van hoe u die vakansie deurgebring het, of iets interessant wat u in u studies raakgeloop het, stuur u bydrae aan ons en ons sal ons bes doen om 'n plekkie daarvoor af te staan.

Ten slotte vra ons u om ook maar u punte van kritiek teenoor „Die Wapad" te lug en ons sal probeer om die plooie uit te stryk.

Met beste wense vir 'n jaar van die aangenaamste samewerking tussen die Redaksie en u,

(Hoofred.)
D. C. COETSEE,

**PRO REGE-PERS**
**Boekhandel**
en
**Antikwariaat.**
vir al u
Wetenskaplike Boeke
en Skryfbehoeftes.
Kerkstraat 95 — Telefoon 1164

**OOSTHUIZEN**
**Kole-agentskap.**
Kerkstraat 104—Telefoon 312
POTCHEFSTROOM.

**CORNER**
**FRUIT STORE**
★
„U KEN ONS!!"

**J. HEIDEMA**
Kerkstraat (teenoor Geref. Kerk.)
Vir FIETSE.
Vir ZÜNDAPP Motorfietse.
Zündapp model KS 601 £348
Zündapp model 200S £183/2/6
Zündapp Combinette £81/10/-
Zündapp Combimot Fietsmotors £39/-/-

**UNIE BAKKERYE**
Posbus 244 — Foon 167 en 1086.
BROOD, KOEK en PASTEITJIES.
Bakkers en Banketbakkers
vir alle geleenthede
TROU, VERJAARDAG- en
DOOPKOEKE.
Kerkstraat 60, Potchefstroom.
Spoorwegstraat, Klerksdorp.

★
**WES-TRANSVAAL**
**SPORTWINKEL**
vir alle
SPORTUITRUSTING en
SPORTBENODIGDHEDE.
HARDEWARE,
★

**WESTVAAL**
Studente !!!
VIR KWALITEIT
DROOGSKOONMAAK
STUUR NA
**WESTVAAL**

**J. TOD SUTTIE.**
Komplete
**Mansuitrusters**
Vir al u KLERASIE en ander
benodigdhede.
Kerkstraat 177 — Telefoon 1,
POTCHEFSTROOM

KOM SIEN ONS—
vir al u
- Fotografiese
en
- Aptekersbenodigdhede.

**GEEN & VELLEMAN**
Kerkstraat,
POTCHEFSTROOM.

**DIE BULT**
**Algemene Handelaar**
Von Wiellighstraat 46,
Foon 2025.
KRUIDENIERSWARE,
SIGARETTE en LEKKERS
RUDGE FIETSE en FIETS-
ONDERDELE

**HAROLD'S**
**AUTOMOBILE SERVICE**
**STATION.**
Kerkstraat 220 — Telefoon 1293
Potchefstroom.
●
Voorraadhouers van alle
Onderdele en bykomstighede
vir u Motor, Trekker, ens.

**INGRAM SE**
**BOTTELSTOOR**
INGEVOERDE
en
KOLONIALE
- Wynsoorte
en
- Spiritualieë

# *Cassawali à la massa.*

Stil-stil het Cassawali ingesluip en agter in die arena gaan sit. Verwonderd kyk hy rond om die donderende stem te soek wat so kordaat die gespanne atmosfeer verbreek. Eindelik ontdek Cassawali die klein NAPOLEON wat baie beslis en heftig aandring dat die arenas se simfonieorkeste voortaan 'n aparte bedelbussie sal behou — teen die nuwe grille van die Groot Raad in — en so ook die vreugdeoptogte (? !) ter ere van NERO. Onmiddellik spring die voorsitter van die simfonieorkes, NICO CARSTENS, op en stel baie beslis sy eis in ter ondersteuning van NAPIE.

Hierop lewer NERO repliek en verdedig die Groot Raad se houding omdat hulle beslis die bedelbussies self wil hê vir eie hofhouding! Cassawali skrik hom byna morsdood en almal in die arena, NERO inkluis, staar verward na NAPOLEON wat met blitsende oë skielik heftig beswaar maak teen die onpartydigheid van die Troon. Cassawali het mos vermoed NAPOLEON sal nie op sy kop laat trap nie.

Maar . . . . ! Daar's nog een met 'n „lean and hungry look", (Cassawali het vermoed hy dink te veel) naamlik CASSIUS wat iets móét sê. Hy het vir CASCA — die huidige minister van finansies — as steun. Hulle twee steun die Groot Raad se plan van een groot bedelbus omdat die gedagte tog maar oorspronklik van hulle afkomstig is.

'n Onbekende ou, Cassawali ken hom in elk geval nie, maar hy hoor hy is 'n „COMIC"-SKRYWER, sê toe die Groot Raad kan gerus elementêre hoflikheid aan die dag lê en NICO CARSTENS en NAPPIE se standpunt insien! (Cassawali dink hulle moet seker sy „palle" wees). Op die stadium het daar 'n gebrom ontstaan en toe spring JOHAN HAMMERSKJOELD op en beweer simfonieorkeste en bedelbussies is van minder belang. Hy raai NERO aan om weer sy Raad in samehang met die opposisie te laat vergader.

Nadat NERO nog 'n keer repliek gelewer het oor duimspykers en sellotape, beklemtoon hy die uiteindelike gesag van die Groot Raad vir oulaas en verseker hy die massa dat hy voortaan meer aandag sal gee aan die bestaan van die simfoniekonsert!

* * *

Cassawali rig 'n versoek aan onse JURIE GOUWS om asseblief aan die Wapad se lesers ook te verduidelik, soos aan die skoolkinders, hoe mens 'n voorwerp uit **ongewone hoeke** teken. Ook moet hy net verklaar hoekom al die kinders by vrye keuse 'n **wasdag** geteken het!

* * *

Van **Magrita** wil Cassawali weet hoekom sy elke liewe naweek deesdae so „**high in the Sky**", is.

* * *

Van die Thabaluserners verneem Cassawali dat hulle spesiaal 'n breiklub gestig het om voortaan breiwerk Korps toe te vat.

* * *

Cassawali wil ook net graag aan die klomp Kuluhiete en veral aan N.O.M. sê dat hulle nou regtig vaal is om nie eers 'n ou grappie met fietse te kan staan nie, en dat dit vir hulle 'n groot eer behoort te wees om in die Visdam te lê.

* * *

Cassawali neem aan dat mens nou goedkeuring verkry het (te oordeel na die aantal bordjies wat die plek deesdae ontsier) om jou nooi voortaan nie **vóór** die Hoofgebou nie, maar wel daar **agter** te parkeer! (Die trapies agter die studentesaal is reeds bespreek).

* * *

Verder was Cassawali ooggetuie van 'n roerende herontmoeting. Welkom terug **Stoney** en **Dirk!**

* * *

Cassawali wil net al die Pukke bedank vir hulle gasvryheid en vriendelikheid. Hy het besluit om maar weer te verkas.

* * *

Graaf Josef, die kok, (tans van Dawie du Plessis-huis) tree nou na dertig jaar van getroue diens aan die Puk, af. Verskeie studente en oud-studente het voorgestel om as blyk van waardering bydraes te gee wat deur die Universiteit vir hom geadministreer sal word. Indien 'n taamlike bedrag byeengebring kan word, sal dit na sy dood omskep word in 'n beurs.

## DIE SOEKLIG oor ons sosiale Skinderkolom

Dit lyk asof die eerstejaardames nou na plus minus een maand se navorsing hier op ou Puk eindelik die praktiese betekenis van die woord „kys" begin toepas. Hier dink ons aan Helena Els en Piet Oothuizen en Maria Falk en Willie Grobler.

Dan laat ons die soeklig op die oudames val veral op Betsie Campher wat so pas haar „kys" met Willie Nel bekend gemaak het en op Amelia Jonker wat weereens met Piet Botha aan haar sy na die „ou paaie" terugkeer.

Dirk Postma en Stonie Steenkamp het ook van hullle oorsese reis teruggekeer en ons ous is dus bly om te sien dat Gina Lollobrigida nie Petro se plek ingeneem het nie.

* * *




# Themeli lewer meesterlike uitvoering.

**SUIWER SPEL EN GEVOELVOLLE VERTOLKING UITSTAANDE.**

Die klavieruitvoering van Themeli op Saterdagaand 23 Maart in die Studentesaal het 'n onvergeetlike indruk gemaak op sy toegewyde gehoor. Om te luister na 'n gevoelvolle vertolking, is strelend vir die musikale gemoed. En om tegniek en hartstog so gekombineerd aan te tref soos by hierdie wêreldberoemde Griekse pianis, is 'n aangename belewenis vir die ware musiekliefhebber.

Dat die gehoor elke noot ingedrink het wat Themeli gespeel het, is nie alleen bewys uit die entoesiasme waarmee hy toegejuig is nie, maar ook deur die spanning wat die hele tyd geheers het solank hy gespeel het, sodat 'n mens letterlik 'n speld sou kon hoor val.

Themeli se hele uitvoering was met een woord meesterlik. Dit val moeilik om enigiets uit te sonder in die spel van hierdie uitstekende pianis, maar daar is tog 'n paar dinge wat veral opgeval het.

Die keuse van Themeli se program was besonder aangenaam. Dit het werke ingesluit van Scarlatti, Beethoven, Schubert, Schumann en Chopin. Dit is miskien verrassend dat hy geen moderne werk gespeel het nie, maar dit het eerder die genot van sy program verhoog as om iets daaraan af te doen.

Treffend in sy hele spel was die suiwerheid waarmee hy gespeel het. Dit het miskien die beste tot uiting gekom in die vier sonates van Scarlatti waar hy die gehoor dadelik gedwing het om na hom te luister terwyl hy die werkies gevoelvol en baie sensitief gespeel het. Die Impromptu Op. 90 no. 4 van Schubert is ook met 'n byna asemberowende suiwerheid gespeel. Hierdie byna oorbekende werkie van Schubert het sommer nuut geklink.

Seker die aangrypendste in die hele program was Themeli se vertolking van die „Waldstein"-sonate van Beethoven. Dit was asof hy met sy eie groot gebrek in die lewe, dié van Beethoven beter kon begryp en weergee. In die eerste deel, die Allegro con brio , was dit 'n ware genot om te luister na die suiwerheid waarmee hy vinnige passasies gespeel het, en veral ook die duidelike manier waarop hy die frases aangetoon het. Deur die hele sonate was sy spel gekenmerk deur 'n sensiwiteit en 'n vurige passie, wat veral weer die „adagio molto-" deel tot uiting gekom het. Die Prestissimo aan die einde van die derde deel was besonder fris gespeel. Dis verbasend om te sien met watter gemak hy die lopies met dubbele oktawe kon speel.

Met die werke van Schumann en Chopin veral het Themeli sy hartstogtelike romantiese aanvoeling getoon. Die eerste van die twee Fantasiestukke van Schumann was veral baie teer en intiem vertolk. Die eerste twee van die drie Etudes van Chopin het hy met groot toewyding gespeel terwyl tegniese vaardigheid in die derde weer die oorhand gehad het. Die Nocturne van Chopin was oor die algemeen minder bekend en het miskien daarom ook minder die aandag getrek. Die Chopinscherzo egter, het die gehoor met groot oorgawe laat luister. Die suiwerheid, energie en toe ook uiterste sensitiwiteit waarmee hy hierdie werk gespeel het, was verbasend.

Gedurende sy spel kon 'n mens nooit agterkom dat Themeli blind is nie. Slegs nou en dan het sy versigtige handposisie dit ietwat verraai, maar origens was sy handposisie en polsgebruik 'n ware voorbeeld vir enige leerling.

Wat egter seker meer as sy tegniek getel het vir die sukses van Themeli se uitvoering, was sy inlewing in die musiek en die openhartige manier waarop hy dit vertolk het. 'n Mens kan dit amper nie anders as openhartig bestempel nie, want nadat hy iets gespeel het, het 'n mens werklik die indruk gekry dat hy niks teruggehou het wat in die musiek is en wat hy nie aan jou meegedeel het nie. Moontlik is dit ook omdat sy eie oor skerper is as die van die gewone luisteraar. 'n Mens het ook die indruk gekry dat hy nie baie oefen daaraan nie, maar dat hy dit van die begin af so deurleef dat dit werklik deel word van hom. As 'n pianis speel soos Themeli, kan enige hoorder iets meer as blote klanke uit die musiek haal.

Hierdie konsert, gereël deur die Musiekvereniging, was 'n groot sukses en het 'n uiters genotvolle aand verskaf nie alleen aan die studente en publiek van die Bult nie, maar ook aan 'n groot deel van die Griekse gemeenskap van die dorp wat op die konsert goed verteenwoordig was om hulle landgenoot aan te hoor en te kom huldig.

## „Met 'n lied in die hart".

Anna Neetling-Pohl het met haar voordragprogram, „Met 'n lied in die Hart," ten spyte van die slegte weer 'n goeie gehoor getrek en bowe-al het sy daarin geslaag om hulle tussen die lang pouses in waarin net die wind lang pouses in waarin net die reën en donderslae gehoor is, te boei.

In haar fors Bybelse voordragte het die vertolking van Jesaja 40 miskien die brandende profetiese ywer gemis, maar Psalm 130 en Psalm 8 is suiwer en onoortreflik vertolk.

Anna Neetling-Pohl kan op wonderbaarlike wyse haar in verskillende tipes gedigte inleef.

Die twee eenvoudige gediggies, „Waar is 'n Lot . . . ," van Totius, en „Die blinde se Geloof," is met aangrypende eenvoud vertolk, terwyl sy „Kom vanaand in my Drome," van N. P. van Wyk Louw, en „Ballade van die Boorde," van Uys Krige, liriesdramaties vertolk het. Met haar voordrag van „Klein Ondeug" van Celliers en „In den Beginne" van Visser, het sy die gehoor se laglus geprikkel, terwyl sy „Oestyd" van Watermeyer, met oortuiging en gevoel vertolk het. In hierdie laaste geval was haar goeie voordragtegniek duidelik—haar stembeheer om verskillende toonhoogtes en stemsterktes te kry, en haar gawe om ritme weer te gee.

Sy het die program afgesluit met „Die Stem".

Oor die algemeen gesien, kan ons dankbaar wees dat ons so 'n groot kunstenares soos Anna Neetling-Pohl kon hoor, en is ons saam met haar dankbaar vir die gawe wat sy ontvang het om ekspressie te kan gee van soveel ontroering.

---

(Vervolg van bladsy 1.)

Wanneer Salomo op die standpunt van die ongelowige staan, is alles wat hy aangepak het „tevergeefs en 'n gejaag na wind."

Ons standpunt is dat **God** onse Vader is deur Jesus Christus en dat **Hy** ons roep tot arbeid. Met dié uitgangspunt is stakings ook ongeoorloof.

**ARBEIDSVREUGDE.**

Hoewel arbeid 'n middel tot opheffing is as taak deur God opgelê, ken die Heilige Skrif ook oënskynlik vergeefse arbeid. Ons werk in 'n verkeerde rigting sodat ons geloof getoets kan word.

Net so ken die Skrif ook arbeidsvreugde: soos uitgedruk in Psalm 128:1

**BESPREKING.**

Uit die spontane bespreking wat gevolg het, kan afgelei word dat die toespraak besonder geslaagd was. Die erns van die saak is ietwat verlig toe die spreker „weens die verlede" verkies het om 'n antwoord skuldig te bly op die vraag of dit geoorloof is om 'n klas te massa.

**Studente . . . !!**
vir al u
- Handboeke,
- Skryfbenodighede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS!

**POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL**
**Kerkstraat 126 —Telefoon 497**

---

**TURKSTRA BAKKERY**
**(Edms.) Bpk.**
Kerkstraat 61.

RAADPLEEG ONS VIR . . .
- BROOD
en
- ALLE KOEKSOORTE.

**ELKE DAG VARS . . . .**

---

**SONSKYN KAFEE**
TOMSTRAAT,
**POTCHEFSTROOM**

VIR U —
**SIGARETTE,**
**LEKKERS,**
**KOELDRANKE** en
**TYDSKRIFTE.**
EN ANDER VERVERSING
ASOOK
SNOOKER.
**UITSTEKENDE DIENS.**

---


**J. P. van der WALT**
**APTEEK**
**Kerkstraat 161 — Potchefstroom**
„ONDERSTEUN 'N OUD-P. U. KANER!"
**Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.**

---

**ARCADIA**
**Dames- en Mans-**
**HAARKAPPERS**
VIER GEKWALIFISEERDE HAARKAPPERS TOT U DIENS.
**„Netheid en Kwaliteitswerk" is ons leuse.**
**Rokersbenodigdhede en Fantasiegoedere**

---

**SAAMWERK WINKEL,**
VON WIELLIGHSTRAAT 35
**Foon 515**
**Algemene Handelaars**
**KRUIDENIERSWARE,**
**HARDEWARE,**
**KLERASIE,**
en **SKRYFBEHOEFTES**
"Kom ondersteun ons Pukke!"



## Skokkende oorlyde van Willem Hartzer.

### STUDENTEGEMEENSKAP BRING HULDE AAN HEENGEGANE VRIEND.

Die studentegemeenskap aan die P.U. vir C.H.O. was diep geskok deur die skielike dood van Willem Hartzer, 'n student in die derde jaar.

Op Saterdag tydens 'n voetbalstryd teen 'n klub van Pretoria, is hy beseer en is die aand oorlede. Graag wy ons hierdie bladsy aan sy nagedagtenis.

Willem Hartzer is op 1 Julie 1935 gebore te Schweizer Reneke. Hy groei op op die plaas van sy vader, Spioenkop, in die Wolmaransstadse distrik. Sy laerskoolopleiding geniet hy aan die Laerskool Glaudina en vanaf Standerd VII is hy 'n leerling aan die Hoërskool Wolmaransstad. In 1954 lê hy die Matrikulasie-eksamen af waarna hy 'n student word aan die P.U. vir C.H.O.

Willem was die oudste kind van sy ouers en die oudste kleinkind van sy grootouers van moederskant. Vir sy jonger broer en suster was Willie 'n voorbeeldige Ouboet en nie alleen by die gesin geliefd nie, maar ook by almal wat hom geken het. Sy vader verklaar dat die gesin en familie van Willie alleen geluk gehad het en geen teleurstellings of verdriet nie. Op diegene wat so gelukkig was om Willie goed te ken, het sy diepe godsdienssin altyd 'n baie groot indruk gemaak. Wat veral kenmerkend van sy lewe was, was die noue band wat bestaan het tussen hom en Bessie Seyffert, sy kleinniggie.

So het 'n mooi lewe ten einde geloop en in berusting buig ons die hoofde en sê: „Heer, U Wil geskied".

## BY DIE AFSKEID VAN 'N WARE VRIEND.

'n Ware vriend wil jy altyd by jou hê. Willem Hartzer was so 'n vriend. En daarom die geweldige gemis nou dat hy nie meer daar is nie.

'n Ware vriend gun mens die allerbeste. Willem Hartzer was so 'n vriend. En daarom gun ons hom om opgeneem te word van aardse smart in hemelse heerlikheid.


'n Ware vriend kan mens nooit vergeet nie. Willem Hartzer was so 'n vriend. En daarom sal sy stille beskeidenheid, sy liefderyke vriendelikheid, sy ingetoë opregtheid, altyd by ons bly.

'n Ware vriend bind mens aan hulle wat aan hom gebind is. Willem Hartzer was so 'n vriend. En daarom is sy ouers en Lena, sy vriende en dierbares ook ons ouers, ons vriende, ons dierbares.

'n Ware vriend trek mens nader aan God. Willem Hartzer was so 'n vriend. En daarom sien ons in sy hele lewe die hand van sy HERE in die lewe van Sy kind.

En daarom treur ons nie soos hulle wat geen hoop het nie, maar is die bede van ons studentegemeenskap vir sy ouers en Lena, sy vriende en dierbares: Mag die genade en die liefde en die gemeenskap altyd by u wees van die HERE van die leërskare, Vader van Christus en daarom ook onse Vader; en van Jesus Christus, Verlosser, wat deur sy dood die skuldelas ons ontneem het en die ewige lewe vir ons verwerf het; en van die Heilige Gees, Trooster, wat altyd by ons sal bly en ons nooit sal verlaat nie.

Geniet die Meesterstuk
...in die Meester Grootte




Rembrandt
MEESTERS
FILTER DE LUXE
DAAR IS GOEIE REDES VIR DIE MEESTER GROOTTE
Kopiereg RMFA 5